# Doopprosedures 2021

Beste doopouer(s)

In Nelspruit-Suid is die bediening van die doop en die toerusting aan doopouers vir ons baie belangrik. Binne die gemeente het ons twee geleenthede wat deur alle nuwe doopouerpare bygewoon moet word. Die leraar wie se doopgeleentheid dit is, hanteer die spesifieke maand se doopkursus / geleenthede.

Ouers wat reeds die kursus bygewoon het en weer ‘n kind wil doop, hoef nie die volledige kursus by te woon nie, maar slegs die laaste aand van die kursus.

Die doop vind op elke eerste Sondag van die maand tydens die oggenddiens plaas. Daar kan slegs in uitsonderlike gevalle op alternatiewe datums gedoop word, deurdat kerkraadstoestemming verkry is. Rig asseblief vroegtydig u versoek tot die kerkraad. Toerustingsgeleenthede is op Woensdae aande vanaf 17:30-18:30. Twee aaneenlopende Woensdae voor die doop.

Indien u, u kind wil doop moet u ten minste ses (5) weke voor die doopdatum ’n registrasiedokument by die kerkkantoor inhandig.

***Waar kry ek die registrasiedokument?*** Dit is op die houtblaaie by die kerkdeure beskikbaar of u kan dit afhaal by die kerkkantoor of self van die webblad aflaai (www.ngnelspruitsuid.co.za).

***Wat is die doel van die registrasiedokument?*** Dit is om u persoonlike inligting op datum te bring. Daar is ook inligting wat u sowel as u gade moet voltooi, dit sal ons help tydens die drie toerustingsgeleenthede.

***Wat maak ek met die registrasiedokument?*** Lees die besonderhede in die dokument en vul die nodige inligting in. Sorg asseblief dat dit voor of op die sperdatum by die kerkkantoor ingehandig word.

***Is daar enige toerustingsgeleenthede wat bygewoon moet word?*** Ja, daar is twee (2) toerustingsgeleenthede. Tydens hierdie geleenthede sal u en u gade oor al die aspekte rakende die doop ingelig word, asook ander geloofsaspekte.

***Moet beide ouers die toerustingsgeleenthede bywoon?*** Ja, dit is ’n nuwe voorvereiste om u kind ten doop te bring. Die doop is vir ons as gemeente baie belangrik en daarom wil ons dit nie ligtelik opneem nie.

***Ons het met ons vorige baba reeds die toerustingsgeleentheid bygewoon. Moet ons weer die hele kursus bywoon?*** Nee, dit is nie nodig nie, julle kan slegs die laaste aand van die kursus bywoon.

***Foto's tydens die doopgeleentheid?*** Ons laat wel toe dat foto's geneem mag word. Die fotograaf moet in die voorste ry sit en mag nie opstaan tydens die diens nie. Daar moet egter altyd in gedagte gehou word dat dit steeds 'n erediens is. Ons vra dat flitsfotografie nie gebruik word nie. Daar is ruim geleentheid om na afloop van die diens foto's te neem.

Sal u asseblief vir ons **Afdeling A** voltooi. Dit bevat biografiese data wat ons benodig vir doopregistrasie en om ons databasis op datum te hou.

**Afdeling B** moet asseblief deur beide ouers afsonderlik ingevul word. Dit help die leraar met die doopgesprekke en dit word streng vertroulik hanteer.

**Foto:** Ons gemeente vertoon 'n foto van u kind wat gedoop word of van die hele gesin. Stuur foto's vroegtydig aan die betrokke leraar (jean@ngnelspruitsuid.co.za / louis@ngnelspruitsuid.co.za / gerrit@ngnelspruitsuid.co.za)

**Teksvers:** Julle as ouer(s) kan 'n teksgedeelte vir julle kind kies, wat ons dan voor in sy of haar Bybel plaas. Dit moet 'n week voor die tyd ingegee word by die kerkkantoor of ge-e-pos word na ngsuidadmin@telkomsa.net

Jy/Julle kan hierdie vorm by die kerkkantoor inhandig of faks na (013)744 0543. Dit kan ook per e-pos gestuur word na ngsuidadmin@telkomsa.net. Vir enige verdere navrae kan julle die kantoor kontak (013)744 1925.

Baie dankie vir u samewerking en ons bid dat die doopgeleentheid vir u en u familie 'n besondere geestelike ervaring sal wees.

Seënwense

Die Leraarspan

# Afdeling A

1. **Kind:** Volle name soos op geboortesertifikaat: _____
2. **Kind:** Noemnaam:_____
3. **Kind:** Van:_____
4. **Kind:** Identiteitsnommer:_____
5. **Vader:** Volle name en van:_____
6. **Vader:** Noemnaam:_____
7. **Vader:** Identiteitsnommer:_____
8. **Moeder:** Volle name en nooiensvan:_____
9. **Moeder:** Noemnaam:_____
10. **Moeder:** Identiteitsnommer:_____
11. Straatadres:_____
12. Telefoonnommer (huis):_____
13. Selnommer (vader):_____
14. Selnommer (moeder):_____
15. E-posadres (vader):_____
16. E-posadres (moeder):_____
17. Huweliksdatum van ouers:_____
18. Hoeveel ander kinders het u?_____
19. Is al die ander kinders reeds gedoop?_____
20. Is albei ouers lidmate van die NG Kerk: vader:_____ moeder:_____
21. Indien nie, watter kerk?_____
22. Indien u lidmaatskapsertifikaat by 'n ander gemeente is, waar kan dit aangevra word?
    a. Moeder:_____
    b. Vader:_____
23. **Doopdatum**: Ons wil ons kindjie op die _____ (doopdatum) laat doop.
    (Doop vind plaas elke 1ste Sondag van die maand)

Geteken: Vader: _____

Geteken: Moeder: _____

Datum: _____

## Afdeling B - word deur elke ouer afsonderlik ingevul

Naam en van:_____

Vertel ons iets meer van jou geloofsagtergrond (waar het jy kerk toe gegaan ens.)

_____

_____

_____

_____

Watter rol speel God tans in jou lewe?

_____

_____

_____

_____

Hoekom wil jy jou kind laat doop?

_____

_____

_____

_____

Hoe lank is jy al 'n lidmaat van NG Nelspruit Suid?

_____

Hoe gereeld woon jy/julle die eredienste by?

_____

Het jy 'n behoefte om in te skakel / meer betrokke te wees by gemeente aktiwiteite (selgroep / uitreike / omgee ens.)?

_____

Wat sou jy sê is die gawe(s) wat die Here aan jou gegee het?

_____

Is daar nou reeds 'n spesiale teksvers wat jy vir ons wil gee vir julle kind se Bybel?

## Afdeling B - word deur elke ouer afsonderlik ingevul

Naam en van:_____

Vertel ons iets meer van jou geloofsagtergrond (waar het jy kerk toe gegaan ens.)

_____

_____

_____

_____

Watter rol speel God tans in jou lewe?

_____

_____

_____

_____

Hoekom wil jy jou kind laat doop?

_____

_____

_____

_____

Hoe lank is jy al 'n lidmaat van NG Nelspruit Suid?

_____

Hoe gereeld woon jy/julle die eredienste by?

_____

Het jy 'n behoefte om in te skakel / meer betrokke te wees by gemeente aktiwiteite (selgroep / uitreike / omgee ens.)?

_____

Wat sou jy sê is die gawe(s) wat die Here aan jou gegee het?

_____

Is daar nou reeds 'n spesiale teksvers wat jy vir ons wil gee vir julle kind se Bybel?

_____